

AeEaDict 2006

vir

*Microsoft Word 97 en later
met Windows 2000/XP*



Vertaling Afr/Eng

Programhandleiding

AeEaDict 2006

dokument 2010/01

Skryf u UserId (en Password) in hierdie blokkie:

Outeursreg word ingevolge die Berne-konvensie aan hierdie werk verleen. Ingevolge die Wet op Outeursreg mag geen gedeelte van hierdie werk sonder skriftelike verlof gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingbewaring.

Kopiereg voorbehou 2006

Stellenbosch Uitgewers NL (Stellenbosch Publishers)

e-mail stpubus@gmail.com

<http://www.stellenboschpublishers.nl/>

AeEaDict

AeEaDict is 'n rekenaarprogram waarmee u Engelse ekwivalente van Afrikaanse woorde, frases en uitdrukkings en andersom kan opsoek. *AeEaDict* is deel van die reeks van vier taalkundige (linguistiese) hulpmiddels, die ander drie is die *Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus (GrEAT)*, *Proefleser* (spellingkontrole) en *TextDynamika* - 'n Engels-Afrikaanse dinamiese vertaalhulp. Volledige inligting oor hierdie vier programme vind u op die <http://www.stellenboschpublishers.nl/> webwerf.

Die doel van AeEaDict is om so veel as moontlik bruikbare vertalings te gee vir alle vorms van woorde wat in Afrikaans en Engels gebruik word. Standaard woordeboeke gaan uit van die stam van 'n woord en woorde soos “onbeskikbaarheid” en “gedoen” kom meestal nie in die alfabetiese plek in 'n woordeboek voor nie. Indien u bv. “gevaar” intik, sal **AeEaDict** dit as die verlede tyd van “vaar” herken asook as die selfstandige naamwoord “gevaar” (*danger*). 'n Ander interessante woordgroep is bv. Pole/pole/Pool/pool sowel in Engels as in Afrikaans.

Hierdie handleiding

Ter wille van verstaanbaarheid word die Engelse terminologie van die *Windows*- en dié van die *Word for Windows*-program (*WinWord*) in hierdie handleiding gebruik.

Installasie van AeEaDict 2006

[Sodra u die program aangekoop het, ontvang u bygewerkte instruksies]


Die *AeEaDict*-program word deur middel van die standaard Windows SETUP-opdrag/program geïnstalleer. Beëindig eers alle applikasies wat tans in *Windows* loop soos byvoorbeeld *Microsoft Office*, *Internet Explorer*, *Nero* ens. alvorens u *AeEaDict* installeer. Anti-virus programme kan normaalweg bly loop.

NB

Die SETUP-program wat *AeEaDict* na u hardeskyf gaan installeer is standaard Microsoft programmatuur. Lees die instruksies wat op die skerm verskyn baie noukeurig. Indien die installasieprogram bv. voorstel dat u nie 'n nuwe “file” met 'n ouer een moet vervang nie, moet u Microsoft se advies volg. Indien van die “DLL files” nie vervang kan word nie, kies u “skip”. Alles wat reeds op u rekenaar is en nuwer is, kan so bly. Indien daar ander boodskappe is en die installasie is nie suksesvol nie, skryf dit noukeurig af en stuur 'n e-pos aan stpubus@gmail.com vir gratis hulp. Ongelukkig verander Microsoft sy Windows-programme voortdurend en alle moontlike effekte kan nie voorsien word nie. Stellenbosch Uitgewers aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige Microsoft-programme nie. *AeEaDict* is egter deeglik getoets op sowel Windows 2000 as op Windows XP en met sowel *WinWord* 97 en latere weergawes soos *WinWord* 2003 en 2007.


Stapsgewys:

- Beëindig eers alle normale applikasies wat loop soos *WinWord*, *Excel* ens.
- Maak 'n nuwe “folder” byvoorbeeld C:\AE-instal
- Kopieer al die lêers wat u per e-pos (e-mail) en of via of www.yousendit.com ontvang het na C:\AE-instal
- Dubbelklik op die Setup (Setup.exe) in hierdie “folder”
- Volg die verdere instruksies op die skerm.
- *AeEaDict* word deur die installasieprogram in die *AeEa*-folder binne **Program Files** geplaas. U het die keuse om 'n ander naam of plek te gebruik, maar dit is beter om hierdie versteknaam (*default*) te gebruik. Die program word in C:\Program Files\AeEa\ geïnstalleer en die program se naam is **AeEa01.exe**.
- Maak seker dat u kan sien waar *AeEaDict* geïnstalleer is – kyk met Explorer.
- Soek die program:

 AeEa01.exe	88 KB	Application	06/02/2006 07:23
--	-------	-------------	------------------

- Maak Explorer bietjie kleiner sodat u die *Desktop* ook kan sien
- Klik regs op die program en sleep dit na die *Desktop* en kies “Create shortcut”

- *Rename* die *shortcut* na **AeEa** (sien hieronder vir leiding) omdat die Microsoft naam “Shortcut to AeEa.exe” baie lank is.




Hoe *Rename* 'n mens 'n ikoon? Klik daarop en gebruik die F2. Daar is ook ander maniere om dit te doen.

Deur op hierdie ikoon op die desktop te dubbelklik kan u **AeEaDict** laai. Daar is ook ander maniere om die program te laai.


Werking van AeEaDict

As losstaande tweetalige woordeboek



Die program het drie vensters (*windows*), W1, W2 en W3 (van bo na onder), elf knoppies bo en die twee van die drie standaard “controls”, naamlik minimeer en stop wat bo regs verskyn. LW dat die “maximize” kontrole gedeaktiveer is. Om die program te gebruik tik u ’n Afrikaanse woord in W2 en klik op **A > E**, of u tik ’n Engelse woord en klik op **E > A**. Die opgesoekte woord is rooi, die vertalings is swart en verdere inligtings is blou. U kan een van die vertalings belig (*highlight*).

Voorbeeld:




As u woorde soos “boom” of “glad” intik, moet u natuurlik die regte taal kies om vanaf te vertaal aangesien beide woorde sowel Afrikaans as Engels is maar totaal verskillende betekenis het.

Interaksie met *WinWord*


Wanneer u met ’n dokument in *WinWord* besig is, kan u ’n Afrikaanse of Engelse woord/frase/uitdrukking belig (*highlight*) en oorplaas na AeEaDict, die vertalings opsoek, die geskikte een selekteer en dit dan in u dokument vervang.

Voorbeeld

U belig die woord “gevaar” in *WinWord* en klik op **W > I**. Die program raai dan of die woord Afrikaans of Engels is en gee die vertalings. Indien die program verkeerd raai (soos byvoorbeeld met “glad”) moet u self een van:



klik.



Kies dan die regte vertaling deur op (in hierdie geval) “ascended” te dubbelklik of die woord met die muis heeltemal te belig. U sien dan dat u gekose vertaling na W2 gaan. Heel bo-aan sien u ook nog die Afrikaans. Om die gekose Engels dan in *WinWord* te plaas klik u op:



NB


U moet sorg dat die beligting (*highlight*) in *WinWord* op die woord(e) wat vertaal moet word, bly. U vervang altyd die beligte woord of beligte gedeelte in *WinWord* – wat dit ookal op daardie oomblik is.


Gevorderde funksionaliteit

W1

Indien u meer as een woord belig, gaan die beligte teks na sowel W1 as W2 en probeer die program eerstens om die frase/uitdrukking/kollokasie te vertaal.

Voorbeeld

U belig drie woorde in WinWord en klik op . Die program herken dit as 'n frase. In hierdie geval dui die rooi (t-) aan dat die frase “**t**en opsigte van” nie met 'n hoofletter geskryf hoef te word nie.



NB

Alhoewel daar reeds 'n groot aantal van die mees algemene frases in die woordelys is, kan u nie aanvaar dat die **AeEaDict** alle moontlike frases ken nie. Dié lys word egter steeds uitgebrei.


W1 en W2

As u meer as drie woorde belig, gaan die woorde slegs na W1 en kan u self een of meer woorde in W1 belig en met die



na W2 kopieer en hierdie groep of woord vertaal. W1 is 'n klein “scratchpad”.

Voorbeeld



Uiteraard sal iets soos “hierdie saak” nooit as frase in die woordelys voorkom nie.

Bo of onder WinWord

Met die knoppie



Kan u AeEaDict “always on top” of nie “always on top” maak. Die knoppie wys ’n O of ’n B (Onder / Bo). Eksperimenteer en kies die een waarvan u meeste hou. Wanneer die program nie “always on top” is nie, is dit nog steeds sigbaar in die taakbalk (*taskbar*) onder.

Leegmaak (clear)

Met die knoppie



maak u W1 en W2 leeg.

Hoofletter/kleinletters (Upper en Lower case)

Met die knoppies



kan u die teks in W2 met 'n hoofletter laat begin of alles kleinletters maak.

Tooltips

Indien u die muis op 'n knoppie laat rus, kry u 'n verduideliking van die knoppie se werking met die standaard Microsoft se liggeel "tooltips". In die volgende illustrasie word die standaard Copy knoppie se werking so duidelik. Daar is ook 'n Paste knoppie. Met hierdie twee kan u kopieer en plak. U kan natuurlik ook met die ander standaard manier (Ctrl-C en Ctrl-V) tussen AeEaDict en WinWord of 'n ander program (soos Excel) kopieer en plak.



Sneltoetse en die tab

Op sommige knoppies is daar 'n onderstreepte letter. Dit is die sneltoets. As u byvoorbeeld **Alt-A** gebruik, word A->E uitgevoer. Dit is ook 'n standaard Microsoft metode. As u die tabsleutel gebruik, verskuif die fokus van knoppie na knoppie (dit is alles nie so belangrik vir die algemene muisgebruiker nie).

Afkortings

Die program se woordelys word voortdurend uitgebrei en verder ontwikkel, maar u kan reeds by baie woorde sien wat die einddoel is. Woorde gaan voorsien word van woordsoorte en verdere etikette soos “meervoud”, “verlede tyd” ensovoorts. Baie van die woorde in die woordelys is reeds gekategoriseer. Die volgende afkortings word reeds gebruik/gaan gebruik word:

unspec.	not specified	nog nie gespesifiseer nie
n.	noun	selfstandige naamwoord
vb.	verb	werkwoord
aux.	auxiliary (verb)	hulpwerkwoord
adj.	adjective	byvoeglike naamwoord
adv.	adverb	bywoord
col.	collocation	kollokasie
art.	article	lidwoord
num.	numeral	telwoord
conj.	conjunction	voegwoord
prep.	preposition	voorsetsel
pron.	pronoun	voornaamwoord
prop.	proper name	eienaam
idiom.	idiom	idioom
expr.	expression	uitdrukking
prov.	proverb	gesegde
wpart.	word part	woorddeel
abbr.	abbreviation	afkorting
int.	interjection	tussenwerpsel
comp.	comparative	vergelykende trap (vgl. tr.)
sup.	superlative	oortreffende trap (oort. tr)
past.	past tense	verlede tyd (verl.)
plur.	plural	meervoud (meerv.)
dimun.	diminutive	verkleinwoord (verkl.)
for.	foreign	vreemde woord (vreemd)
arch.	archaism	argaïsme (arg.)
obsol.	obsolete	verouderd (veroud.)
neol.	neologism	neologisme (neol.)
off.	offensive	beledigend (beled.)
sl.	slang	sleng (sl.)
obsc.	obscene	obseen (obs.)
collq.	colloquial	geselstaal (gesels.)
infl.	inflection	infleksie (infl.)

Eie Woordelyste

Indien u 'n behoefte het om 'n spesialistiese woordelys toe te voeg, kan u ons per e-pos (stpubus@gmail.com) versoek om 'n kwotasie te gee om 'n lang lys woorde met vertalings toe te voeg.

U mag altyd woorde wat u dink AeEaDict behoort te geken het per e-pos aan ons stuur. Ons sal dan oorweeg om die woorde op te neem en u dan van 'n gratis bywerking (update) te voorsien, maar dit sal volgens ons eie diskresie geskied.